education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE
# SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V1

## FEBRUARIE/MAART 2010

**PUNTE: 80**

**TYD: 2 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 15 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Leesbegrip | (30) |
| AFDELING B: | Opsomming | (10) |
| AFDELING C: | Taal | (40) |

2. Lees ALLE instruksies aandagtig deur.

3. Beantwoord AL die vrae.

4. Begin elke afdeling op ŉ NUWE bladsy.

5. Trek ŉ streep na elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ŉ reël oop na elke antwoord.

8. Skenk veral aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: LEESBEGRIP**

**VRAAG 1: ONDERHOUD**

Lees die onderstaande onderhoud en beantwoord die vrae.




**KOLLIG OP EMO ADAMS**

1. Emo Adams is skreeusnaaks. Dan kan hy nog sing, dans en toneelspeel ook. Hy praat lekker Afrikaans al het hy eintlik eers vier jaar gelede Afrikaans geword. Emo glo taal bind mense saam al behoort hulle nie aan dieselfde ras nie. Erns Grundling en Ilse Salzwedel het met Emo gepraat.

2. VRAAG: Waar het alles vir jou begin?

3. ANTWOORD: Ek het my debuut op die verhoog gemaak toe ek maar net nege jaar oud was. Ek het die rol van 'n koerantverkopertjie gespeel in David Kramer en Taliep Petersen se *District Six*. My liefde vir drama kom van my pa se kant af. Hy rig al Maleierkore af vandat ek kan onthou.

4. VRAAG: Waar kom jou eerste CD-titel vandaan?

5. ANTWOORD: Onthou, ek het Engels grootgeword. Dit was Taliep Petersen wat vir my gesê het dat ek Afrikaans moet leer. Toe ek hierdie album gemaak het, wou ek iets moderns doen met 'n paar ou Afrikaanse liedjies. David Kramer het my daarmee gehelp. Ek het gedink ***Tall, dark & Afrikaans*** sal by my pas, want dit sê iets van my beeld vir my bewonderaars.

6. VRAAG: Hoe sal jy jou musiek en jou musieksmaak beskryf?

7. ANTWOORD: My styl is 'n bietjie soos 'n Afrikaanse Michael Bublé met Elvis se energie en Michael Jackson se bewegings! Ek sing enige iets van *ruk en rol* tot Afrikaanse liefdesliedjies en ek bewonder vir Theuns Jordaan en Dozi.

8. VRAAG: Is jy altyd so vol grappe?

9. ANTWOORD: Ek sien maar net die snaakse dinge in die lewe raak. Dans is my eerste liefde. Daarna sing en toneelspeel en dan om grappe of stories te vertel. Ek is eintlik nie 'n komediant nie.

| | | |
|---|---|---|
| 10. | VRAAG: | Wat van jou ooreenkoms met *Die Burger* om vir ŉ jaar as hulle handelsmerk-ambassadeur op te tree? |
| 11. | ANTWOORD: | Ek sal vir ŉ jaar optree as die gesig van *Die Burger* en ek glo ek kan ŉ groot rol speel om goeie verhoudings tussen die verskillende lesersgroepe van hierdie koerant te bou. Ons kan nie die geskiedenis uitvee nie, maar ek dink ons Suid-Afrikaners baklei te veel met mekaar. Ons deel almal dieselfde land. Hoe gouer ons dit besef, hoe beter sal dit met ons land gaan. |

[Verwerk uit: *Taalgenoot*, Oktober 2009 en *Huisgenoot*, 19 November 2005]

**VRAE:**

1.1 Hoe oud was Emo toe hy vir die eerste keer in ŉ toneelstuk opgetree het? (1)

1.2 Wat is Emo se huistaal? (1)

1.3 Kies die stelling uit KOLOM B wat die beste pas by die persoon in KOLOM A. Skryf slegs die vraagnommer (1.3.1 – 1.3.3) en die letter (A – D) neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | David Kramer | A | Hy motiveer vir Emo om meertalig te wees. |
| 1.3.2 | Taliep Petersen | B | Hy stel vir Emo bekend aan die wêreld van vermaak en musiek. |
| 1.3.3 | Emo se pa | C | Hy gee vir Emo idees hoe om bekende Afrikaanse liedjies te verwerk. |
| | | D | Hy gee vir Emo die idee vir die titel van sy eerste CD. |

(3)

1.4 Emo se CD-titel beskryf sy beeld as ***Tall, dark & Afrikaans****.* Watter deel van hierdie beeld kry die meeste aandag in die leesstuk? (1)

1.5 As Emo kon kies, sal hy die heel graagste stories wil vertel.

1.5.1 Sê of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

1.5.2 Motiveer jou antwoord deur VYF OPEENVOLGENDE WOORDE aan te haal. (1)

1.6 Watter antwoord voltooi die volgende sin KORREK? Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer.

Die Afrikaanse kunstenaar van wie Emo Adams baie hou, is ...

A Michael Bublé.
B Michael Jackson.
C Theuns Jordaan.
D Elvis Presley. (1)

1.7 Watter koerant het besluit om Emo te gebruik as ŉ ambassadeur vir hulle handelsmerk? (1)

1.8 Hoe gaan Emo *Die Burger* help om die verhouding tussen die verskillende lesersgroepe te verbeter? (1)

1.9 "Toe ek hierdie album gemaak het, wou ek iets moderns doen met ŉ paar ou Afrikaanse liedjies."

1.9.1 Hoe voel jy oor ou Afrikaanse liedjies wat die sangers op ŉ moderne manier sing? (1)

1.9.2 Motiveer jou antwoord. (1)
**[13]**


**VRAAG 2: KOERANTARTIKEL**

Lees die onderstaande koerantartikel en beantwoord die vrae wat volg. Raadpleeg die verduideliking by WOORDEBOEKGEBRUIK.

# Die meeste mense in SA het ŉ huis

1. Die afgelope agt jaar het die getal Suid-Afrikaanse gesinne wat ŉ huis besit, met 5% vermeerder. Volgens die nuutste statistiek woon 61,7% Suid-Afrikaners in ŉ huis wat hulle eie is. *Statistiek Suid-Afrika* sê in 2001 was dié syfer 56,3%.

2. Die kolomme in die onderstaande grafiek wys hoeveel mense in elke provinsie hulle eie huis het of ŉ huis huur.



3. Mnr. Schüssler, ŉ bekende ekonoom, sê: "As daar oor armoede gepraat word, vergeet ons dat baie van ons ŉ eie huis besit. Meer as twee derdes van gesinne woon nou in huise – ŉ huis wat hulle óf besit óf huur. Daarby het 80% huishoudings nou elektrisiteit terwyl net sowat 69,7% huishoudings in 2001 elektrisiteit gehad het. In 2001 het 71% Suid-Afrikaners toegang tot kraanwater gehad teenoor die 74% in 2008. Omtrent 62% mense se vullis word gereeld verwyder teenoor die 57% in 2001. Dit is ŉ bewys dat die omstandighede waaronder hierdie mense leef, na 1994 nog steeds verbeter.

4. Hy voel dat heeltemal te veel mense nog steeds van die staat afhanklik is vir huise en dienste. Die staat verskaf gratis dienste, soos riolering en die verwydering van vullis, maar dit is so jammer dat mense wat in informele woongebiede bly, nog nie lopende water en elektrisiteit het nie.

5. Nog ŉ studie het ook gekyk na die getal mense wat op die platteland en in die stad woon. Hierdie statistiek toon dat meer as 60% Suid-Afrikaners nou in stede woon. Dit maak Suid-Afrika die land wat die meeste verstedelik het van alle lande in Afrika suid van die Sahara-woestyn. Dit is waarskynlik waarom die staat sukkel om vinnig genoeg huise te bou.

[Verwerk uit: *RAPPORT*, 16 Maart 2008]

**WOORDEBOEKGEBRUIK**

**e•ko•noom'** s.nw. (ekonome) Beoefenaar van die ekonomiese wetenskap.
Eng.: economist.

**huis'hou•ding** s.nw. (-s; huishoudinkie) **1** Bestuur van ŉ huis; reëling van die sake van ŉ huishouding. **2** Huisgesin, familie. Eng.: household.

**ri•ool'** s.nw. (riole) Onderaardse, oordekte pyp (stelsel) vir die wegvoer van water, afvalstowwe. Eng.: drain.

**ri•o•leer** ww. (gerioleer) Van ŉ riool of ŉ rioolstelsel of onderaardse pyp vir die wegvoer van water of afvalstowwe voorsien: *Die hele stad is gerioleer*. Eng.: drain, sewer.

**ver•ste'de•lik** ww. Om van die platteland na die stad te verhuis (gewoonlik in groot groepe). Stadsgewoontes aanneem; stadagtig word; die karakter van ŉ stad kry: *ŉ Plattelander kan maklik verstedelik*. Eng.: urbanise, citify.

**vul'lis** s.nw. Afval uit die kombuis, die tuin: *Die vullis gereeld verwyder*. Eng.: garbage.

[Uit: *HAT* en *Tweetalige Woordeboek*]

**VRAE:**

2.1 In watter jaar is die grafiek in paragraaf 2 opgestel? (1)

2.2 Watter persentasie Suid-Afrikaners besit volgens die nuutste statistiek ŉ huis? (1)

2.3 Lei die volgende antwoorde uit die kolomme in die grafiek af. Skryf net die vraagnommer (2.3.1 – 2.3.3) en die woord neer.

2.3.1 Watter EEN van die antwoorde tussen hakies voltooi die sin KORREK?

In Suid-Afrika is daar (meer/minder) mense wat huise huur as mense wat huise besit. (1)

2.3.2 In watter provinsie besit die meeste mense hul eie huis? (1)

2.3.3 In watter provinsie kry ons die grootste verskil tussen mense wat huise huur en wat huise besit? (1)

2.4 Gee die naam van die ekonoom wat sê dat baie Suid-Afrikaners hul eie huise besit. (1)

2.5 Meer as twee derdes van Suid-Afrikaanse gesinne ***besit*** hul eie huise.

2.5.1 Sê of hierdie stelling WAAR of ONWAAR is. (1)

2.5.2 Motiveer jou antwoord deur 'n SINSDEEL uit paragraaf 3 aan te haal. (1)

2.6 Noem TWEE voorbeelde van basiese dienste wat sedert 2001 verbeter het. (2)

2.7 "Hy voel dat heeltemal te veel mense nog steeds van die staat afhanklik is vir huise en dienste." (Paragraaf 4)

2.7.1 Is Mike Schüssler se woorde in paragraaf 4 'n feit of 'n mening? (1)

2.7.2 Motiveer jou antwoord deur EEN WOORD aan te haal. (1)

2.8 Dink jy dat Mike Schüssler simpatiek is teenoor mense in informele woongebiede wat nie basiese dienste het nie? Haal VYF OPEENVOLGENDE WOORDE aan. (1)

2.9 Voltooi die volgende sin met die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer.

Die staat sukkel om vinnig genoeg huise te bou, omdat ...


A dit lank neem om so baie huise te bou.
B Suid-Afrika so vinnig verstedelik.
C mense van alle lande na ons stede toe trek.
D 40% Suid-Afrikaners op die platteland woon. (1)

2.10 Watter positiewe boodskap het hierdie teks vir die leser? (1)
**[15]**

**EN**

**VRAAG 3: ADVERTENSIE**

Kyk na die onderstaande advertensie van *EverFresh*-melk en beantwoord die vrae.




[Aangepas uit: *Sarie*, Oktober 2008]

**VRAE:**

3.1 Kies die KORREKTE antwoord. Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer.

Die dinosourus in die advertensie beklemtoon dat daar ...

A nie meer dinosourusse leef nie.
B melkerye is wat ou melk verkoop.
C niks in die melk is wat nie daar hoort nie.
D groot verskille tussen dinosourusse en koeie is. (1)

3.2 Voltooi: Die naam *EverFresh* pas perfek by hierdie melk omdat ... . (1)
**[2]**

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: OPSOMMING**

**VRAAG 4**

- Som die inligting oor die *Jip Rockspaaider*-kompetisie in jou eie sinne op.
- Skryf die sinne puntsgewys in volsinne onder mekaar in jou ANTWOORDEBOEK neer.
- Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie.
- Skryf die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming neer.

1. *JIP*, 'n tienerbylaag in *Die Burger*, *Beeld* en *Volksblad*, bied jaarliks saam met DStv se musiekkanaal 'n kompetisie aan. En dis weer sulke tyd – dié tyd wanneer leerders van regoor die land bymekaarkom. Rockspaaider is 'n kompetisie waaraan skoolorkeste deelneem. Dus, aan al die skoolorkeste: oefen julle stemme, kry julle kitare reg en oefen daardie tromme. Rockspaaider en julle skool se rockorkes gaan rock!

2. Rockspaaider soek die beste musiekgroep wat nuwe Afrikaanse liedjies sing en speel. Dit beteken dat die lirieke in Afrikaans moet wees en die melodieë moet oorspronklik wees.

3. Die hele land se skole word in twee verdeel: 'n noordelike deel en 'n suidelike deel. Die skole in elke deel word in streke ingedeel. Elke streek hou dan 'n uitdunrondte om 'n streekwenner te bepaal. As hulle onseker is oor hoe om die uitdunne te organiseer, is daar hulp: *JIP* Rockspaaider help skole om die uitdunrondtes te reël. *JIP* sal dié reëlings en 'n artikel oor die skooluitdunne ook publiseer.

4. Die finaliste van die verskillende streke gaan deur na hulle eie eindrondtes. Die finaliste van die noordelike deel tree by die Aardklop-kunstefees in Potchefstroom op. Die suidelike deel se eindrondte word in die Kaap gehou by die Suidooster-fees. Die organiseerders betaal die streekwenners se koste na die eindrondtes toe. Niemand hoef bekommerd te wees oor finansies nie. Alle reis- en verblyfkoste word betaal!

5. Die prys? Die twee nasionale wenners kry elkeen genoeg ateljeetyd om 'n CD met agt liedjies op te neem.

6. Dit is 'n fantastiese geleentheid om 'n musiekloopbaan te begin. Kom, kom! Die sluitingsdatum is Vrydag, 9 Mei.

[Verwerk uit: *Beeld JIP*, 7 April 2008]

Doen jou opsomming op die volgende manier:

**Die TWEE VEREISTES om aan die kompetisie deel te neem:**

4.1
4.2

**DRIE STAPPE om die streekwenners te kies:**

4.3
4.4
4.5

**TWEE MANIERE hoe die streekwenners aan die publiek bekendgestel gaan word:**

4.6
4.7

**[10]**

**TOTAAL AFDELING B: 10**

## AFDELING C: TAAL

### VRAAG 5: WOORD- EN SINSTRUKTURE

Voltooi die sinne in die linkerkantste kolom met behulp van die leidrade in die regterkantste kolom. Skryf slegs die vraagnommers (5.1 – 5.18) en die korrekte antwoord in jou ANTWOORDEBOEK neer.

**YWERIGE AFRIGTER SE WERK WERP VRUGTE AF**

**DIS MY STORIE**

*Soos vertel aan Naudé van der Merwe*

| | |
|---|---|
| Me. Shiley Tsatsinyane rig gimnastiek af op Thaba Nchu. Sy is ŉ hardwerkende (5.1 onderwyser) en haar gimnaste gee | 5.1 Gee die vroulike vorm. |
| altyd hulle (5.2 saam + werk). Hulle | 5.2 Gee die samestelling. |
| oefensessies is soms lank en (5.3 maklik) en die jong gimnaste het baie | 5.3 Gee die antoniem. |
| (5.4 ondersteun) nodig. | 5.4 Vorm die korrekte afleiding. |
| Onlangs is agtien van haar gimnaste gekies om in (5.5 Kaapstad/Kaap Stad) aan ŉ byeenkoms deel te neem. Hulle | 5.5 Kies die korrekte spelling. |
| probeer (5.6 hard/hart) om na al die | 5.6 Kies die korrekte woord. |
| (5.7 kampioenskap) toe te kan gaan. | 5.7 Gee die meervoud. |
| Hulle ouers se (5.8 leeg) beursies maak dit baie moeilik om vir hierdie toere te betaal. Hierdie arme kinders kan nie eers die | 5.8 Gee die korrekte vorm van die woord. |
| (5.9 (**20**) ) rand per maand betaal om vir die sport te registreer nie. | 5.9 Skryf die getal (20) uit. |
| Shiley weet hulle kry swaar en sorg dat hulle gereeld elkeen (5.10 druif + sap) in ŉ | 5.10 Gee die samestelling. |
| klein (5.11 beker) kry. | 5.11 Gee die verkleining. |
| Haar droom is om eendag toerusting te koop wat (5.12 nuut) is. | 5.12 Gee die intensiewe vorm. |
| Shiley hoop dat (5.13 baie) mense haar gaan help as in die verlede. | 5.13 Gee die vergrotende trap. |
| Die tekort aan geld beïnvloed nie Shiley se passie vir afrigting nie. Sy het (5.14 byvoorbeeld) op tienjarige | 5.14 Gee die afkorting. |
| (5.15 oud) in dieselfde gebou waar sy nou | 5.15 Gee die korrekte vorm van die woord. |
| klas gee, met (5.16 haar/sy) klasse in gimnastiek begin. Shiley was eers ŉ | 5.16 Kies die korrekte woord. |
| (5.17 persoon wat op universiteit studeer), maar haar liefde vir gimnastiek het gewen. | 5.17 Gee EEN woord. |
| Sy is baie (5.18 gelukkig), want sy het die regte keuse gemaak. | 5.18 Gee die sinoniem. [Verwerk uit: *Volksblad*, 12 September 2007] |

**[18]**

**VRAAG 6: SINSTRUKTURE**

Voltooi die volgende inligting deur die instruksies in die regterkolom uit te voer. Skryf die vraagnommers (6.1 – 6.16) en die VOLLEDIGE sinne in jou ANTWOORDEBOEK neer.

# FEITE OF FABELS

ŉ Mens moenie alles glo wat jy hoor of lees nie. Almal wil altyd raad gee. Partykeer is dit die verkeerde raad, maar dit laat jou dink.

**FABEL EEN: Jy mag nie swem direk nadat jy geëet het nie.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| (6.1) Hierdie storie is (so oud soos die berge). | 6.1 | Skryf die betekenis van die uitdrukking tussen hakies in jou eie woorde. | (1) |
| (6.2) Retha Kotze sê dat sy glad nie hierdie storie glo nie. | 6.2 | Skryf in die direkte rede. | (2) |
| (6.3) Hierdie fabel het ontstaan <u>omdat mense geglo het dat jou spiere suurstof verloor</u>. | 6.3 | Formuleer ŉ vraagsin waarvan die onderstreepte gedeelte die antwoord is. | (1) |
| (6.4) Jy is dan te swak om te swem. | 6.4 | Skryf in die toekomende tyd. | (1) |
| (6.5) Jy kan maar gaan swem. Jou liggaam het genoeg suurstof. | 6.5 | Verbind die twee sinne met die voegwoord: **aangesien** | (1) |
| (6.6) Jy mag met ŉ vol maag swem. | 6.6 | Skryf in die ontkennende vorm. | (1) |
| (6.7) Ou mense glo fabels. | 6.7 | Skryf in die lydende vorm. | (1) |

**FABEL TWEE: Hardloop is sleg vir jou knieë**

| | | | |
|---|---|---|---|
| (6.8) Hardloop beskadig nie jou knieë nie. | 6.8 | Skryf in die verlede tyd. | (1) |
| As jy te veel oefen, plaas jy baie druk (6.9 aan/op) jou knieë. | 6.9 | Kies die korrekte voorsetsel. | (1) |
| (6.10) Jy moet opwarm voordat jy begin oefen. | 6.10 | Skryf die sin oor en begin só: **Jy moet onthou om** ... | (1) |
| Draf (6.11 om die rugbyveld/rustig/elke dag). | 6.11 | Skryf die sin oor met die korrekte woordorde. Begin met: **Draf** ... | (1) |
| (6.12) Jy moet ŉ dokter gaan spreek oor jou seer knie. | 6.12 | Skryf die sin oor as ŉ bevelsin. | (1) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| (6.13) 'n Goeie oefenprogram word deur 'n fisioterapeut gegee. | 6.13 | Skryf oor in die aktief/bedrywende vorm. | (1) |
| (6.14) Die dokter sê: "Ons opereer baie sportmanne vir geskeurde ligamente." | 6.14 | Skryf oor in die indirekte rede. | (1) |
| (6.15 Sjoe!/Agge nee!) Die atleet hardloop soos blits. | 6.15 | Kies die korrekte uitroep. | (1) |
| (6.16 Die dokter het lank gewonder oor die behandeling van die beseerde atleet). | 6.16 | Skryf in die teenwoordige tyd. | (1) |
| | | [Verwerk uit: *Finesse*, Augustus 2008] | **[17]** |

**EN**

**VRAAG 7: KRITIESE TAALBEWUSTHEID**

Lees die advertensie hieronder en beantwoord die vraag wat volg.




[Bron: *Sarie*, Oktober 2008]

7.1 Watter antwoord voltooi die volgende sin KORREK? Skryf net die vraagnommer en die korrekte letter (A – D) neer.

Met Old Mutual spaarfondse is dit net ’n kwessie van tyd. Die onderstreepte woorde impliseer dat Old Mutual se kliënte ...

A min tyd het om geld te spaar.
B se spaarfondse gou gaan opraak.
C tyd mors deur baie inkopies te doen.
D binne ’n kort tydjie sal kan koop wat hulle harte begeer. (1)

Lees die onderstaande redakteursbrief en beantwoord die vrae wat volg.

## Hei, wil jy ’n pers Smartie wees?

1. Wil jy graag uitstaan in ’n *crowd*? Wil jy, met ander woorde, daardie pers Smartie in ’n pakkie Smarties wees?

2. Dink ’n bietjie hieraan: Ons is gebore om by ’n groep in te skakel. Jy het vriende omdat julle van dieselfde dinge hou. Met sosiale netwerke soos *MXit* en *Facebook* maak jy nog meer vriende en word deel van ’n groter sosiale groep.

3. As hierdie groep iets in jou sien wat koel is, vorm julle ’n subkultuur of ’n *pack*. Jy word ’n *celeb* in jou omgewing vir dié mense wat jou ken en wat wil hoor wat jy te sê het. Nou is jy die pers Smartie!

[Verwerk uit: *Jip,* 12 November 2008]

7.2 Wat bedoel die skrywer met die opskrif: “Hei, wil jy ’n pers Smartie wees”? (1)

7.3 Gee die korrekte Afrikaanse omskrywing vir *celeb* (paragraaf 3). (1)

7.4 Gebruik die woord *koel* (paragraaf 3) denotatief in ’n sin. (1)

7.5 Kies die KORREKTE antwoord:

Die redakteur se houding teenoor groepvorming is (positief/negatief). (1)
**[5]**

**TOTAAL AFDELING C: 40**

**GROOTTOTAAL: 80**

Kopiereg voorbehou